

NWKV SKAAP DEKKING

Die NWKV het 'n katastrofe dekkingsproduk vir wolskaapboere beding wat in samewerking met Hollard Versekering ontwikkel is.

Alle Makelaars sal toegelaat word om die produk te versprei onderworpe aan die volgende voorwaardes -

- Makelaar moet 'n Hollard (HBM) agentskap hê.
- NWKV moet skriftelik magtiging gee om produk te mag verkoop met n afskrif aan Hollard Bloemfontein kantoor. (aanhangsel as voorbeeld)
- Alle skape wat geskeer kan word moet verseker wees
- Polisse is slegs beskikbaar op Jaarlikse basis en belastingfaktuur sal voorsien word vir betaling.
- Kommissie betaling aan die makelaar is 10% en is die makelaar se verantwoordelikheid om gereelde afrekenings en betalings te doen soos per ooreenkoms met NWKV.
- Hollard moet eers goedkeuring by NWKV verkry dat nuwe polishouer wel 'n lid is van NWKV om tarief te bepaal.

Dekkings wag tydperk is 10 (tien) dae - Geen dekking met betrekking tot hierdie Uitbreiding van krag sal wees binne die eerste 10 (tien) dae vanaf datum wat aansoek ontvang word nie.

DEKKING :

BRAND, WEERLIG & VERKLUIMING

OPSIES :

Per Dier : (R1000 tot R1500 per skaap) - Dekking vir lammers word ingesluit maar word beperk tot 12% van die aantal skaap verseker - maksimum R300 per lam.

- Dekkings Opsie 1 – (R1,100,000 per gebeurtenis) - Tarief .3% (nie lede .6%)
- Dekkings Opsie 2 – (R2,200,000 per gebeurtenis) - Tarief .320% (nie lede .640%)
- Dekkings Opsie 3 – (3,300,000 per gebeurtenis) - Tarief .350% (nie lede .7%)

BYBETALINGS :

BRAND & WEERLIG – Eerste bedrag betaalbaar : 10% van eis minimum R5000

VERKLUIMING – Eerste bedrag betaalbaar : versekerde waarde (soos in die polis bylae omskryf) van 20 skaap / Lammers - iedere en elke eis
